# Die Olielamp

**Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika**

## REDAKSIONEEL

Liewe lesers,
In hierdie uitgawe staan ons bietjie stil by die natuur: God se wonderlike skepping en hoe ons dit ook mag beleef.

Veral in die somer leef 'n mens baie naby aan die natuur. Jy verwonder jou oor die pragtige tuine en velde. Die skrywer van Psalm 104 het ook hierdie verwondering. Hy gee 'n indrukwekkende beskrywing van hierdie beeldskone natuur. Maar die natuur word hier nie besing soos iets wat maar net self voortgaan nie, nee, die Here hou dit in sy voorsienigheid in stand.

Ons kan die natuur ook voorstel as 'n huis. Hierdie huis het verskillende verdiepings. Dit bevat ook allerhande meubels. Almal is welkom in hierdie huis. Selfs ons Gasheer en Argitek is in hierdie huis teenwoordig. Hy woon in die boonste verdieping, die boonste sale van die blou hemel. Hy het Hom egter nie teruggetrek nie: ons kan sy teenwoordigheid voel, hoor en sien.

In die onderste verdieping is 'n plek vir ons as mense. Die Argitek laat ons woon op 'n vaste bodem. Hy het die aarde vir ons ingerig. 'n Plek is vir die see gegee en 'n plek vir die land.

So hou die Here sy hele huis in stand. Geniet ons ook van sy teenwoordigheid in sy skeppingwonders? In hoe verre geniet ons gelowiges van die natuur? Leef ons dit ook uit dat ander mense sien dat ons die werk van ons getroue Vader geniet?

So dink ons na oor die natuur. Wat die Skrif ons leer en hoe ons daarmee moet omgaan. Ons het as Christene groot verantwoordelikhede om hierdie mooi natuur op te pas. Dit is tog immers ons opdrag wat ons ontvang het in Genesis 1:28. Kom ons hierdie opdrag na of help ons ook afbreek?

Alle eerstejaars, geniet die tyd wat julle deel is van die jeug. Onthou, jy is in 'n wonderlike fase van jou lewe, vol geleenthede maar ook verantwoordlikhede.

Namens die Pretoria-Maranata redaksie.
Linda de Vente

***Jaargang 8 nr 2, Maart 2004***

**INHOUD**


| | |
|---|---|
| Redaksioneel | 1 |
| **Uit Die Woord** | **2** |
| Die olyfboom | 2 |
| Dawid se loflied op God se sorg | 3 |
| Eenheid in Christus ook in 2004 | 5 |
| **Op Pad** | **6** |
| Hy het gegee… Herders en Leraars | 6 |
| Nog `n biertjie vir jou? - Alkoholisme | 8 |
| Natuur | 10 |
| **Voel Jy Ook So?** | **11** |
| Kuiers, drank, rook en om lekker te score | 11 |
| **Deur Die Sleutelgat** | **12** |
| **Voetspore** | **13** |
| **Sosiaal** | **14** |

# DIE OLYFBOOM

***Bea Bruintjes***

In die begin het God alles geskape en gesien dat dit goed was. In Genesis 1:11 staan daar: "En God het gesê: laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome, wat volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so."

Op die vierde dag het God al die plante, gras en bome geskape wat deel is van die natuur. God het die natuur geskape met 'n spesifieke doel. Alles in die natuur het 'n doel wat, eerstens, is om God die Skepper te verheerlik. God het baie die plante en bome in die natuur geskape vir die mense se gebruik, so ook die olyfboom (Rig. 9:9; Ps. 52:8; Sag. 4:3; Rom. 11:17; Open. 11:4). Die olyfboom word vir die eerste keer genoem in die Ou Testament in die verhaal van Noag. In Genesis 8:11 lees ons hoe Noag die duif uitgestuur het om te kyk of die water al gesak het: "Teen die aand het die duif na hom toe teruggekom, en daar was 'n groen olyfblaar in sy bek."

Die mense in die gebied van die Middellandse See het baie waarde geheg aan hierdie boom en die olyfboom word dikwels in die Bybel gebruik as 'n vergelyking. Vir die volk Israel het die olyfboom ook sy betekenis gehad. Olyfbome is een van die inheemse boomsoorte van die lande rondom die Middellandse See. Olyfbome het teen die hange van berge gegroei waar daar nie baie grond was nie. Hulle groei welig en verg min versorging. Dit neem omtrent vyftien jaar om uit te groei, waarna dit nog eeue lank vrugte dra. Van die ou wortels spruit daar dan weer nuwe bome uit. In September/Oktober is die vrugte omtrent gereed om gepluk te word. Die vrugte word dan van die boom afgeskud op 'n kleed wat op die grond uitgesprei lê.

Die belangrikste gebruik van die olywe was vir die olie wat daarvan verkry is. Die manier om die olie uit die olywe te kry, was om dit in 'n pers teen mekaar te druk, of om met die voete plat te trap. Die olie is dan in kruike gebêre totdat die afsaksel op die bodem gaan lê het. Dan was die olie in 'n koel plek gebêre. Groot sorg is geneem om olyfolie te suiwer. Die olie is gebruik as bestanddeel in daaglikse etes en ook vir die spysoffer (Lev. 2:1). Olyfolie is ook in lanterns gebruik (Mat. 25:3,4) en in die vel ingevryf om dit te laat blink. Daar was feitlik geen deel van die lewe waarin olyfolie nie 'n rol gespeel het nie. Dit is dan duidelik dat die olyfboom van groot belang was vir die volk Israel en die ander lande om die Middellandse See.

Vir die Israeliete het die olyfboom reinheid,


**REDAKSIES:**

**Pretoria**
Redaktrise: Tanya de Vente tanyadevente@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

**Maranata:**
Redaktrise: Linda de Vente
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

**Kaapstad:**
Redakteur – Sjirk Geerts
Artikelversorger - Corrien Geleynse
Teksversorging - Sandra Scheltens
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

**Administrasie & uitleg**
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
*http://www.vgk.org.za/olielamp/*

krag, lewenslus, oorvloed en skoonheid gesimboliseer. 'n Olyftakkie simboliseer vrede en oorvloed – dink hier aan die duif wat na die ark teruggekeer het in Genesis 8. Ook in Psalm 128:3 word daar verwys na die olyftakkie as 'n simbool van voorspoed en oorvloed: "Jou vrou is in jou huis soos 'n vrugbare wingerdstok, jou seuns is rondom jou tafel soos jong olyfboompies". Toe die volk Israel uit Egipte gevlug het na Kanaän het God vir hulle gesê (weereens word hier verwys na die olyfboom as 'n simbool van vrugbaarheid):

Want die Here jou God bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en onderaardse riviere wat in die laagtes en op die berge uitkom; 'n land van koring en gars en wingerdstokke en vyebome en granate; 'n land van olieryke olyfbome en heuning; 'n land waarin jy brood sonder skaarsste sal eet; 'n land waarvan die klippe yster is en uit die berge waarvan jy koper sal uitkap; en jy sal eet en versadig word en die Here jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het (Deuteronomium 8:7-10).

Olyfolie het 'n belangrike plek ingeneem in die godsdienstige lewe. Die oorsaak van dit was dalk juis die skoonheid wat aan hierdie olie geheg is. Telkens lees ons in die Bybel dat voorwerpe wat aan God se diens toegewy was met olyfolie gesalf is. Die konings van Israel is ook met olyfolie gesalf om te wys dat hulle spesiaal toegewy was vir die diens van God. Olyfolie het nie alleen 'n simboliese betekenis gehad nie, maar is ook gebruik vir genesende krag. In Lukas 10:34 lees ons dat die goeie Samaritaan olie en wyn op die gewonde man se wonde gegooi het. In Markus 6:13 staan daar ook dat toe Jesus die dissipels twee-twee uitgestuur het, hulle die siekes met olie gesalf en hulle gesond gemaak het. So sien ons dan die groot betekenis wat die olyfboom gehad het vir die volk Israel. Nie alleen vir alledaagse gebruik nie, maar ook in hulle geestelike wandel het die olyfboom groot betekenis gehad.

Jesus self gebruik die olyfboom as 'n vergelyking en beeld van reinheid en vrugbaarheid. God het in die natuur bome en plante geskape vir sy kinders om te gebruik en so kan ons sy goedheid en sorg raaksien in die skepping. Ons wat die skepper en Heiland ken, moet bewus wees van die skepping en daaruit lewe. Hoe baie van ons staan stil by God se pragtige natuur? Ons het waarlik 'n God wat elke nood van ons ken en weet wat ons nodig het om Hom te dien. Laat ons God daarvoor loof en prys!

Bronne:
1. Gebruike en gewoontes in die Bybel. H.F. Stander & J.P. Louw
2. Die Bybelse Omgewing. L. Smith & J. Botha

---

# DAWID SE LOFLIED OP GOD SE SORG

Psalm 23

**Elise Geerts**

As ons na die psalm kyk, moet ons besef dat Dawid hier praat as 'n skaap wat deur die Goeie Herder versorg word.

**Die Goeie Herder**

In hierdie psalm sien ons dat die Goeie Herder geen moeite of pyn ontsien vir die behoud van sy skape nie! Daarom sing die digter, en ons kan dit met hom saamsing, van sy dankbaarheid teenoor die Here dat hy eiendom van die Goeie Herder mag wees. Ons mag onsself eiendom van God noem, want Hy het ons geskape. Niemand beter as Hy kan alles van my weet en begryp nie, daarom kan Hy vir my sorg.

Hy het ons gekoop teen die duur prys van sy lewe en daarom kan Hy sê: "Ek is die Goeie Herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir sy skape." Joh.10:11)

Niks sal my ontbreek nie. Aan God se goeie sorg ontbreek niks nie en God sorg so goed vir my dat die behoefte aan nog meer my ontbreek. Tog is dit vreemd dat Dawid dit kan sing, want sy lewe as skaapherder en later as vlugteling vir Saul was allermins sonder ontbering. Almal het hul daaglikse sorge, of hulle nou wel of geen kind van God is nie, maar dit wat ons van ongelowiges onderskei, is dat ons steeds kan uitroep: "Niks sal my ontbreek nie." Met die goeie sorg en leiding van my Meester hoef ek nooit alleen te staan nie. Wat 'n troos!

Hy laat my neerlê in groen weivelde 'n Skaap

sal nooit gaan lê as hy nie volkome veilig voel nie. Is dit by ons nie net so nie? Sal ons sonder vrees gaan slaap of gaan werk as ons nie steeds daarvan bewus is dat God se engele om ons is nie? As ons sonder God se beskerming moet klaarkom, sal ons nooit veilig en rustig voel nie! Altyd sal ons bekommerd wees oor die dag van môre. Die Heilige Gees verseker ons van Christus se aanwesigheid en Hy gee ons die versekering dat Hy ons kommer en kwellings ken en diep daarby betrokke is. By Hom is ons veilig.

'n Skaap het water nodig om te leef: net so het ons God se Woord nodig om te kan leef. Ons geestelike dors kan slegs geles word by die enigste, ewige bron - Christus. "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word" (Mat. 5:6). Israel het in die tyd van die profete dit dikwels vergeet en nie net hulle nie, maar ook baie mense vandag. Baie soek rusteloos na ander poele en vergeet daarby die ewige, ware Bron. Om hulle dors enigsins te probeer les, soek hulle bevrediging in allerhande aardse aktiwiteite. Ons eie bakke kan nie water hou nie (Jer. 2:13).

God lei ons. As dit van onsself afhang, sal ons telkens die verkeerde pad kies. Ons eie keuse lyk dikwels goed en reg vir onsself, maar is dit so? In Spreuke 14:12 en 16:25 staan: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is die dood." Daarteenoor sê Christus in Johannes 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe: niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Sonder God sal ons nooit die regte besluite neem nie. Hy lei my in die spore wat Hy dink die beste vir my sal wees.

Waarom moet ons dan nog verkwik (vertroos, verfris) word as God ons lei, behoed en bewaar? Al is God ons Herder is daar steeds tye wat ons terneergedruk en hulpeloos voel. Dit gebeur egter dikwels dat juis wanneer ons op ons sekerste voel, ons begin wankel (1 Kor. 10:12). Ons soek 'n plekkie uit vir onsself waar ons die minste ongemak ervaar en waar geen selfdissipline van ons gevra word nie. Ons maak staat op ons eie verstand en denke (goeie beleggings, goeie punte). Dis juis op sulke tye, wanneer ons dink dat alles reg is, dat ons onsself in dodelike gevaar begewe. As ek dan onwillig is om dit op te gee, kan die Goeie Herder - omdat Hy my liefhet - my na 'n ander weiveld bring, waar dit myns insiens nie beter is nie, maar wat wel vir my die beste is.

**Die betroubare gids**

Selfs al gaan ek deur donker dieptes In die Nederlandse sowel as die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling staan daar: "deur donker dieptes". Let op die "deur". Daar staan dus nie dat hy sal sterwe omdat hy nie sterk genoeg was nie, maar dat hy daardeur gaan en nie bang hoef te wees nie, want God is met hom. Al sterf 'n kind van God, hoef hy en sy geliefdes nie te vrees nie, want dit is die pad wat hy moet gaan na 'n ander, ryker lewe. 'n Lang siekbed, teleurstellings en frustrasies kan ook 'n donker diepte wees. Die moeilike tye in ons lewe, waar God ons snoei, versterk ons vertroue op God. Dit is net Hy alleen wat my deur moeilike tye kan en wil help en uitkoms gee (Joh.16:33).

As ons deur ons eie skuld weereens in die moeilikheid is en ons nie uit eie krag daaruit kan kom nie, kom ons Herder met mededoë na ons toe. Hy sal ons dan deur sy Gees sagkens uit ons ellende help. Wat 'n ongelooflike geduld het God nie met ons nie! U staf vertroos my - u Gees, o Christus, is my troos!

**Die milde Gasheer**

U berei die tafl voor my aangesig teenoor my teëstanders Die herder maak die weivelde gereed vir die skape om te eet. 'n Oplettende herder kan voorkom dat die vyande dan 'n geleentheid kry om van die skape te steel. My vyande kan my geen kwaad aandoen solank ek in die huis van die Here vertoef nie. Christus het ook die aardse lewe as mens meegemaak. Ons kan dus verseker wees dat Hy voor ons die situasie al beleef het. En nou weer saam met ons. Sy teenwoordigheid gee ons rus en vrede; ons staan nie alleen nie. Dit maak die lewe van 'n Christen so rustig en vol vertroue.

Christus het al voor ons die pad gegaan en het die tafel berei, reg voor die oë van ons vyande. Al het God voor ons uit gegaan, wil dit nie sê dat ons pad nou sonder probleme is nie! Ons vyande kan ons aanval, maar Christus verseker ons dat ons behalwe verdriet ook blydskap sal ervaar. As ons dan die Heilige Nagmaal gebruik, het ons dan 'n idee wat dit Hom moes gekos het om die tafel te berei? Dit is slegs 'n teken van sy groot liefde.

U maak my hoof vet met olie Gedurige salwing is noodsaaklik om die probleme wat my kwel nie 'n kans in my lewe te gee nie. Sonder

herhaalde salwing van die Heilige Gees kan ons nie lewe nie (Luk.11: 13). Die Heilige Gees maak dit vir ons moontlik om ons te beheers teen die frustrasies en irritasies van die lewe. Wanneer ek 'n slegte humeur het, kan ek slegs na God toe gaan en Hom vra om my opnuut te salf met die olie van die Heilige Gees. As dit slegs van ons afhang om na God te gaan en om salwing te vra, sal daar nie veel van kom nie. God kom na ons toe, ook al wil ons dit nie altyd nie. Wanneer ons besef dat die Heilige Gees in ons wil woon, loop ons beker oor van geluk. Op 'n besondere wyse is my beker, dit is my lewenslot, vol van seëninge op elke gebied.

Ons sien dit nie altyd so nie, want wanneer daar weer moeilikhede op ons pad kom, begin ons weer twyfel. Maar God sal nooit slaap nie. Die Woord leer ons dat ons seker mag wees dat ons beker sal oorloop van die goeie in Christus en van die teenwoordigheid van die Heilige Gees. So kan ons selfs bly wees in tye wat dit nie so goed gaan nie!

Deur die hele psalm word die versorging van die herder benadruk, daarom sing Dawid van die Here se goedheid wat sy lewe lank by hom sal wees. Wat ook met ons mag gebeur, ons mag God se goedheid altyddeur in ons lewe sien.

Dawid ondervind God se liefde en daarom sê hy ook met sekerheid ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae. Dawid is volkome tevrede met die sorg van die Here en daarom wil hy altyd by die Here bly. Die huis van die Here kan natuurlik die heiligdom wees, maar ook die gemeente waarby hy mag behoort. Die Goeie Herder is dus altyd in ons lewe sigbaar, maar ook wil ons, sy skape, altyd onder die oog van ons Meester wees! Hy ken ons diepste geheime, Hy deurgrond my. Is dit nie wonderlik om te weet dat so iemand ons Herder is nie?!

Bron: Niks sal my ontbreek nie. Phillip Keller

---

# EENHEID IN CHRISTUS OOK IN 2004

Efesiërs 4:1-16

***Gerrit Kamphuis***

Sommige jeug sal dink, "Alweer dieselfde opskrif; dit was by die kongres ook al gewees!" Dis goed om so te dink, dan het ons die kongres nog nie vergeet nie. Want hoe kan die jaar 2003 mooier afsluit as met 'n kongres waar ons die eenheid onder mekaar mog aanvoel, aanhoor en sien! Ons dank onse Vader weereens vir die ryke seëninge. Mag ons so ook daarop voortbou.

Ook in 2004 mag ons saam as 'n gelowige eenheid, as een kudde, die enigste Herder volg! Christelike eenheid kan nie vermy word nie. Ons dien een Here met een gemeenskaplike geloof, lewe, lojaliteit en doel. Hy is die hoof van die liggaam en ons is sy lede. Maar ons verskil wat temperament, persoonlikheid en talente betref.

Ons moet die band onder mekaar aanhoudend verstewig, daaraan werk deur 'n liefdevolle en verdraagsame houding teenoor mekaar te hê. Ook moet ons ons verskillende talente tot voordeel van mekaar gebruik. Is dit nie 'n pragtige nuwejaarsvoorneme nie! Kom ons maak dit 'n gesamentlike nuwejaarsvoorneme, vir jonk en oud, die hele gemeente.

Het julle opgemerk dat dit nie net 'n voorneme nie, maar in regte 'n opdrag is? Vers 1: "Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is." Ons is klaar geroep, ons moet net doen: hande uit die broeksakke haal en die liefde wat ons reeds ontvang het vir mekaar uitdeel, naamlik die talente wat elkeen ook reeds gratis ontvang het. Vers 11: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars."

Ons is van nature swak en lui, want ons is net op soek na eie welsyn en vermaak. Dit is verkeerd en sondig. 1 Petrus 1: 22 sê: "As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid jul siel deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereining het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart." Medegelowiges, kom laat ons kniel en al ons denke, doen en late in die hande lê van ons hemelse Vader en dan uit

vertroue en gehoorsaamheid met Hom alleen die wedloop stap. Ons pad is reeds deur Jesus oopgetrap, ons loop op 'n gelyk pad. Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.

Weer dink ons aan ons swakheid, al die diep gate en groot rotse wat oral langs die smal pad is. Met ander woorde, al die flikkerende ligte in donker plekke, tydskrifte, vermaak, aardse besittings en alles wat ons van die oop pad kan aflei. Hoe moeilik is dit om dit te vermy, veral op ons jeugdige leeftyd!

Hierin het ons mekaar nodig; ons kan nie sonder mekaar nie. Ons moet mekaar help, berispe en liefhê. Dit is goed vir mekaar, want so leer ons mekaar ken. Dit moet egter uit 'n rein hart wees, sonder eie voordeel of grootpraterye. Uit liefde vir mekaar om so saam op die oop pad te mag wandel en ons oë gefokus op die Groot Ster, 'n blink toekoms wat nooit sal vergaan nie.

Kom ons gebruik so sy ewige Woord en lees saam daaruit, ook as groepe. Bybelstudies: woon dit by, bou mekaar op, want ons kan nie sonder mekaar nie. Mag die Heilige Gees in ons harte werk om so vir mekaar 'n hand en 'n voet te wees, maar ook 'n skouer vir 'n kloppie en 'n traan in tyd van eensaamheid en verdriet.

Ons moet saam groei totdat ons alles is wat Christus wil hê ons moet wees: soos Hy. Vir almal op die oop pad en oë gerig op Christus 'n voorspoedige en geseënde 2004 toegewens!

## HY HET GEGEE... HERDERS EN LERAARS

***Ds. E. Viljoen***

Lede van u redaksie het vir my gevra om iets te skryf oor hierdie vraag: "Wat maak dat 'n dominee 'n beroep na 'n spesifieke gemeente aanneem?" Wat is al die faktore wat daarin 'n rol speel? Partykeer word gedink die predikant kry een of ander (bonatuurlike) hoorbare stem wat hom aanspreek wat sy keuse onweerstaanbaar maak. En wat moet ons dan daarvan dink as die verhouding tussen 'n predikant en gemeente nie heeltemal goed uitwerk nie? Sou dit beteken dat die Here nooit werklik die predikant geroep het nie?

Miskien is dit goed dat ons 'n keer weer goed nadink oor hoe die Here 'n predikant roep tot sy heel spesifieke taak in 'n spesifieke gemeente. Vanweë die beperkte ruimte in die blad kan ek net van die belangrikste sake noem en moet ander ongenoemd laat.

**Beroep en gebed**

Geen kerk kan 'n predikant beroep sonder dat die wil van die Here daarin nie gesoek word nie. Ewe goed kan die predikant 'n beroep nie biddeloos oorweeg nie. Eersgenoemde word selfs heel spesifiek in die Kerkorde genoem: "Die beroeping geskied onder aanroeping van die Here ...". Dit is 'n baie belangrike aspek wat 'n rol speel in beide die predikant en kerkraad/gemeente se oorwegings. Waarom ag ons dit so belangrik? Die belangrikste rede is dat ons vas glo dat die verhouding wat tussen 'n spesifieke gemeente en spesifieke predikant tot stand kom, nie 'n toevallige saak is nie. Ons glo dat daardie verhouding deur die Here self gelê word.

**Deur Christus gegee**

Dit is die Here self wat 'n predikant aan die spesifieke gemeente gee. Sonder hierdie vaste geloofsoortuiging kan 'n predikant eintlik nie werk nie; veral nie wanneer dit op die oog af lyk asof daar allerhande teëspoed kom in die werk van die predikant of die verhouding met die gemeente of 'n deel daarvan nie. Dit kan ook beteken dat 'n predikant heelwat opofferings moet maak om na 'n spesifieke gemeente te gaan en volhardend daar te bly werk.

Die opofferings kan te doen hê met allerhande faktore. Ek noem 'n paar: die kerk kan geleë wees in 'n deel van ons land wat 'n mens persoonlik glad nie aanstaan nie ; die tipe mense in die gemeente kan die soort wees wat jouhare laat regop staan deur hulle sosiale en kulturele gewoontes en gebruike; die gemeente kan onaantreklik lyk vir jou eie gesin se lewe; die finansiële versorging uit die gemeente vir die predikant kan op 'n baie beperkte manier gedoen word; die omgewing waarin die kerk is, kan tot groot nadeel wees vir die gesondheid van die predikant en/of van sy gesinslede.

Ek dink dat dit daarom van wesenlike belang is vir die predikant én die gemeente om altyd te bly vashou aan die sekerheid dat Christus as Hoof van die kerk self die Een is wat herders en leraars vir sy gemeente gee. Só staan dit tog in Efesiërs 4:10-16! By die bevestiging van elke predikant word dan ook vir hom gevra of hy oortuig is dat God self hom tot die dienswerk in die gemeente geroep het.

**Die gemeente**

Die Here roep deur sy gemeente. Ons glo dat geen predikant sommer in 'n gemeente kan opdaag om homself op die gemeente af te forseer nie. Die predikant word nie deur 'n sinode na 'n gemeente gestuur nie. Só werk dit 'n bietjie in die Roomse kerk en ook in kerke in ons land waar predikante gesien word as uitvoerders van besluite wat deur die sinode geneem word.

Tegelykertyd is die predikant natuurlik ewe min 'n verteenwoordiger van die wil en besluite van die gemeente - hy is geen verteenwoordiger van die gemeente nie. Dit word nogal só voorgestel deur kerke waar die predikant gesien word as 'n opgeleide spesialis wat geleer het hoe om op 'n netjiese manier die gevoelens, worsteling, vrae en nood van die gemeente te verwoord.

Ewe min mag 'n predikant op grond van sy persoonlike innerlike ervarings aanspraak maak op 'n roeping in 'n gemeente. Selfs ons Here Jesus wat ons Hoëpriester geword het, het nie sy ampswerk sommer self op Hom geneem nie. Oor die priesters lees ons: "... niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net soos Aäron" (Heb. 5:4). So het Christus Homself ook nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: " 'U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer' " (Heb. 5:5). Hierdie roeping kom heel konkreet na jou as predikant wanneer 'n gemeente 'n beroepbrief na jou stuur. In die brief kan iets genoem word van die spesifieke nood in die gemeente. Bo alles sal egter staan die begeerte van die gemeente om opgebou te word as liggaam van Christus, te groei in die eenheid van die geloof, op te groei in Christus wat die Hoof is van die kerk (Ef. 4:12-15).

**Innerlike roeping**

Ons glo dat 'n predikant ook persoonlik daarvan oortuig moet wees dat die Here hom na die gemeente roep. Hy moet die begeerte hê om in daardie spesifieke gemeente Christus in sy werk te dien. Saam met hierdie begeerte behoort 'n predikant sy persoonlike motiewe

goed te ondersoek en hom afvra of hy met suiwere bedoelings daarheen (wil) gaan. Alle soeke na eer, materiële bevoorregtings of 'n wegvlug van ander dringende verantwoordelikhede moet ernstige waarskuwingstekens wees.

**Nood en gawes**

Dit kan natuurlik ook gebeur dat 'n predikant op een tydstip twee of meer beroepe moet oorweeg. Miskien is dit belangrik dat ons ook kyk watter faktore dan 'n belangrike rol kan speel. Miskien kan ek iets uit my eie lewe daarvan vertel. Tien jaar gelede het ek binne die bestek van twee weke beroepe na drie gemeentes ontvang. Hoe neem 'n mens dan 'n goeie besluit. 'n Paar sake wat ek in daardie omstandighede oorweeg het, was die nood in die gemeentes en die gawes wat die Here vir my gegee het.

Ek het my afgevra of ek as jong predikant goeie leiding sal kan gee aan 'n groot gemeente van byna 800 lidmate in 'n groot stad. In daardie selfde gemeente was ek ook vir 'n tyd lank lidmaat. My gevolgtrekking was dat dit vir my eie funksionering beter sou wees om te begin in 'n gemeente waar ek geen persoonlike bande mee het nie. Ook was ek oortuig dat die gemeente te groot was en nie goed in so 'n situasie sou kon funksioneer nie. Een was dus uitgeskakel! Dit het twee gemeentes oorgelaat.

Albei, Kaapstad en Johannesburg, was relatief klein gemeentes, met onderskeidelik 290 en 150 lidmate op daardie stadium. Juis in daardie tyd was ds. Heiberg en sy gesin in die proses om lidmate te word van die kerk in Johannesburg. Met die oog op sy moontlike skakeling met lidmate van die kerk waar hy eers predikant was, het ek gedink dat ek vir hom ruimte moes laat in Johannesburg. Intussen het ek ook aan die kerkrade van die gemeentes geskryf met die versoek dat lidmate persoonlik aan my iets sal laat weet van die spesifieke nood en omstandighede in die gemeente.

Uiteindelik het 'n paar faktore 'n belangrike rol gespeel in my besluit om die beroep na Kaapstad te aanvaar: Die feit dat Kaapstad se gemeente al 'n hele tyd geen eie predikant gehad het nie. Die gemeente staan ook redelik geïsoleerd van die ander kerke en kan nie maklik kanselruil ontvang om gehelp te word nie. My begeerte om ook as predikant in 'n total nuwe situasie te funksioneer en my gawes te ontwikkel. Ek was van oortuiging dat die gemeente in Kaapstad op daardie stadium dalk die meeste gereed was om met 'n Afrikaanse predikant te kan saamleef.

Op hierdie manier mag persoonlike omstandighede, oortuigings en invloede asook die karakter en nood in 'n spesifike gemeente saamwerk om te lei tot 'n besluit om 'n beroep aan te neem.

---

# NOG `N BIERTJIE VIR JOU? - ALKOHOLISME

***Anita Drijfhout***

Volgens die DSM-iv (American Psychiatric Association 1994:195-196) kan alkohol op verskillende maniere gebruik word (aangepas): Eksperimentering Eenmalige of enkele episodes van gebruik van `n substans, om dit te "probeer". Prakties gevaarlik motorongelukke), maar meestal van verbygaande aard.

Gebruik Sosiale gebruik; nooit oormatig; kan gereeld wees, maar in klein hoeveelhede; ondervind nie babbelas of ander nadelige effekte nie; die alkohol in die bloedvlak sal nooit die wetlike perke oorskry nie. Hierdie persone drink gereeld of ongereeld, maar min. Word na verwys as die sogenaamde "sosiale drinkers".

Misbruik Gereelde intoksikasie; dit gaan verder as wat sosiaal aanvaarbaar is; soms selfs gedurende die dag geïntoksikeerd; drink soms buite sosiale konteks en beleef die nagevolge van intoksikasie. Byvoorbeeld: bestuur onder die invloed van alkohol, babbelas, "blackouts" (onvermoë om gebeure tydens intoksikasie te onthou), afwesig van werk, geïntoksikeerd aan diens, intoksikasie veroorsaak onmin met ander, raak geïsoleerd, bied verskonings aan, maak beloftes en ontken sy/haar moeilikheid.

Afhanklikheid `n Geskiedenis van alkoholmisbruik en ontwikkeling van toleransie en onttrekking. (Toleransie: meer alkohol moet

ingeneem word om dieselfde gewensde effek as voorheen te kry. Onttrekking: indien die persoon om een of ander rede ophou drink, verskyn onttrekkingsimptome na `n paar uur, byvoorbeeld bewerigheid, hoofpyn, naarheid, angstigheid of sweterigheid. Al wat dan help is nog `n drankie, 'n sogenaamde "regmakertjie".)

Wat is die redes waarom mense verslaaf raak aan alkohol?

Niemand raak ooit moedswillig aan alkohol verslaaf nie. Alhoewel `n persoon kan kies om te veel en te gereeld te drink, kies hy/sy nie om verslaaf te raak nie. 50% mense kan alkohol gebruik binne normale perke, terwyl 50% te veel en te gereeld drink. Van hierdie 50% raak 10-15% aan alkohol verslaaf.

Volgens professor Willie Pienaar van die Universiteit van Stellenbosch en verbonde aan die Stikland Alkohol-rehabilitasiesentrum, is daar vier redes vir alkoholverslawing:

Dwelm - `n Dwelm is `n substans wat gebruik word vir `n psigotrope effek, die psigiese effek (gevoel) van intoksikasie. Toleransie en onttrekking ontwikkel met die gebruik van dwelms. Alkohol is `n dwelm en daarom kan ek nie meer beheer oor die gebruik daarvan uitoefen nie.
Effek - Meeste mense drink nie alkohol omdat dit so lekker smaak nie, maar omdat dit so lekker maak. Alkohol werk op neuro-oordragstowwe in die brein en stabiliseer gemoed, meestal inhiberend, en veroorsaak daarom `n kalmerende, angsiolitiese (verminder angs) en hipnotiese effek. Dit help mense om te ontsnap en neem probleme, skaamgevoel en hartseer weg. Alkohol word my beste vriend, maar later my grootste vyand.
Sosiaal - Dit is deel van sekere kulture om alkohol gereeld en soms in groot hoeveelhede te gebruik. "DIS NORMAAL!" `n Goeie voorbeeld is die studentekultuur. Dit is sosiaal aanvaarbaar om te veel en te gereeld te drink en dit word selfs bewonder. Die Suid-Afrikaanse nasie het ook `n drinkkultuur: wie gaan nou nie `n biertjie drink by die rugby nie! Dit alles bevorder alkoholgebruik, alkoholmisbruik en alkoholafhanklikhied.
Geneties - Daar is heelwat gevalle wat daarop wys dat sommige families `n genetiese predisposisie het tot alkoholisme. Sommige mense word dus gebore met die potensiaal om alkolisme te kry; indien hulle egter versigtig is en geen alkohol gebruik nie, sal hulle nie die toestand opdoen nie.

Watter invloed het alkohol op die brein?
Alkohol is vet- en wateroplosbaar en word binne minute in die bloedstroom en van daar in die brein opgeneem. Alkohol los in die vette van die neuromembraan (breinselle se membrane) op. Die membraan raak as gevolg van die alkohol meer vloeibaar. Hierdie uitwerking van alkohol op die neuromembraan is een verklaring van die intoksikasie-effek van alkohol.

Indien alkohol gereeld en in groot hoeveelhede misbruik word, vind daar permanente neuronaanpassing plaas. Die membraan raak permanent hard en styf, en gevolglik is meer alkohol nodig vir die gewenste effek. Een of twee drankies is nie meer genoeg nie en daarom kan `n persoon nie meer na een of twee stop nie.

Alkohol dring die selkern en mitochondria binne en verander die DNA-resep vir neuromembrane, wat meebring dat die membraan elke keer met `n harde membraan vervang word. Die membraan kan steeds normaal funksioneer, maar geen alkohol kan meer met kontrole en

beheer geneem word nie. Hierdie sentrale veranderinge in die brein vind plaas wanneer groot hoeveelhede alkohol gereeld gebruik word. Tog ook nie altyd net by gereelde drinkers nie, want dit vind ook plaas wanneer groot hoeveelhede alkohol oor kort tye (dae of weke) gedrink word. Dit is juis mense wat gereeld drink en geneig is om te sê: "Ek kan my drank vat" wat aan alkohol verslaaf raak. Té veel alkohol vir té lank.

Die behandeling vir persone wat reeds alkoholafhanklik is? Dit bestaan gewoonlik uit twee dele. Eerstens word die alkoholafhanklike gedetoksifiseer. Dit beteken dat die persoon stop met alkoholinname en daar uitgekyk word na ontrekkingsimptome wat lewensgevaarlik kan wees. Hierna volg gewoonlik `n rehabilitasieprogram. Die sober lewe kan totaal onbekend wees en nuwe leefstyle en streshanteringsvaardighede moet onder andere aangeleer word. Gesien die effek wat alkohol op die brein het, is rehabilitasie dikwels baie moeilik, maar nie onmoontlik nie. God se Woord wys ons die weg!

Wanneer `n mens na bogenoemde kyk, kan `n mens verstaan waarom die Here ons in sy Woord waarsku teen alkoholmisbruik wat kan lei tot alkoholisme. God het die vrug van die wynstok aan ons geskenk om van te geniet. Die Here Jesus self het wyn gemaak op die bruilof in Kana om sy heerlikheid te openbaar. Met die nagmaal word wyn gebruik om die kosbare bloed van Christus te gedenk. Dit is `n mooi gawe, maar vanweë die sondige natuur van die mens word dit dikwels verkeerd gebruik. In die Bybel kry ons ook die gevolge van alkoholafhanklikheid. Om hierdie rede is daar nie vroeër in die artikel hieroor uitgebrei nie. Spreuke 23:29-36 sê dit alles:

"By wie is "Ag!"; by wie is "Wee my?"; by wie is getwis; by wie is geklaag; by wie is wonde sonder oorsaak; by wie is dofheid van oë? By die wat laat opbly by die wyn, by die wat ingaan om gemengde drank te proe ... op die end
byt dit soos `n slang en spuug gif uit soos `n basilisk. Jou oë sal vreemde dinge sien en jou hart verkeerde dinge spreek; ... Hulle het my geslaan, sê jy dan, ek het geen pyn gevoel nie ... ek het dit nie gemerk nie! Wanneer sal ek wakker word? Dan sal ek dit weer opnuut soek."

God waarsku ons op verskeie plekke in die Bybel, met die oog op sy terugkoms (Luk. 21:34-36 en Mat. 24:45-51) en met die oog op God se wil vir sy kinders (Ef. 5:17-21).

Vir die wat hulle wil bekeer, bied God verlossing en `n kragtige Gees om hulle te help om teen die verleiding te stry. God was hulle skoon en heilig hulle sodat hulle geregverdig is in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God. God is egter ook `n regverdige God en daarom sal die wat in hulle sonde bly lewe nie die Koninkryk van God beërwe nie (1Kor. 6:10,11).

Verwysings:
W.P. Pienaar. 2000. Outonomie versus sorg in die behandeling van
alkohol-afhanklikheid: Etiese perspektiewe. Stellenbosch.
American Psychiatric Association. 1994. Diagnostic and Statistical Manual of
Mental Disorders. (Vierde uitgawe) Washington: APA.

# NATUUR

***Matthys v.d. Hout***

Waarheen is ons op pad as ons om ons kyk? Die natuur as tema raak dalk meer aan as wat jy onmiddellik in gedagte het. Van nature is ons almal sondig en geneig tot alle kwaad. Tog bestaan daar harmonie tussen die Bybel en die natuur, tussen God as Skepper en ons as mense.

Wat is natuur? Die natuur is die waarneembare deel van die skepping.

Natuurwetenskap is egter die sistematiese ondersoek van die natuur, ten einde kennis van die natuur te kry.

Reeds in die eerste vers in die Bybel lees ons dat God die hemel en die aarde geskape het. God skep die natuur as woonplek vir die mens. Ja, God skep dit. Die boek Psalms, en spesifiek ook Psalm 1, wys ook na die natuur. Hier word `n vergelyking getref tussen die mens wat sy

behae in die wet van God soek en `n boom, `n boom wat geplant is by waterstrome en vrugte gee op sy tyd, waarvan die blare nie verwelk nie. Reeds in die paradys skep God die bome (Gen. 2:9) - ook die boom van die lewe in die middel van die tuin en die boom van kennis van goed en kwaad. God skep die bome en stel eise. God eis gehoorsaamheid en onverdeelde trou. Lees maar Genesis 2 vers 16 en 17. Ja, ons ken die geskiedenis. Die mens het gesondig.

God is genadig! Want lees maar in die laaste hoofstuk van Openbaring (Open. 22:2). Ook op die nuwe aarde sal die boom van die lewe staan, in die middel van die stad se straat en weerskante van die rivier. Die straat van die stad suiwer goud soos deurskynende glas (Open. 21:21). So waarheen is ons op pad?

Pas op om nie net vas te kyk in die natuur nie. Sien God bo alles raak, want dis nie deur die natuur dat ons gered word nie: alleen deur `n ware geloof in God. En kragtens die genade van God die Vader en die verlossing deur sy Seun onse Here Jesus Christus en die werking van sy Gees is ons gered. Lewe as verlostes, kyk om jou en waardeer die natuur as skepping van God. Heers daaroor, bewaar en bewerk dit.

Wat is `n boom sonder vrugte? Wat is geloof sonder werke? Johannes die Doper waarsku die mense as hy sê dat die byl teen die wortel van die boom lê. Ja, elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, moet uitgekap word en in die vuur gegooi word.

Dra jy goeie vrugte? Vrugte van geloof en bekering? Galasiërs 5:22: "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." Van nature is ons tot kwaad geneig, maar bid vir krag. Wees as medegelowiges, as jeug, diensbaar. Lewe in die eenheid van Christus. Maarten Luther het gesê dat as hy weet Christus môre terugkom, hy nog vandag `n boom sal plant. Sal jy ook?

# Voel jy ook so?

## KUIERS, DRANK, ROOK EN OM LEKKER TE SCORE

***Bitter Bekommerd***

Dis kwart voor vyf Vrydagmiddag, die kuier vir die aand is gereël en die belangrike mense (dié wat weet hoe om nou regtig lekker te kuier) is ge-sms met die tyd en wat om saam te bring. Ons kuier by 'n huis wat opgepas word, iemand is met vakansie en het hulle huis aan ons afgestaan vir die vakansie.

Ja ons ken great mense, baie vrygewig en so aan ... En eintlik pas dit ons soveel beter ook. 'n Mens kan net soveel lekkerder kuier in só 'n huis. En dit help ons ook, want as ons nou by een van ons vriende se huise gaan kuier het, sou ons nie so lekker kon drink nie, want dit sou disrespekvol gewees het teenoor hulle ouers. Mens drink nie baie voor ouer mense nie, dan betoon jy nie die nodige respek nie! Rook is ook 'n no-no voor ouer mense, ander se ouers. Dit voorkom ook die risiko dat jou eie ouers daarvan uitvind. Dis nou maar net twee van die baie voordele van die oppashuise.

Die drinkgewoonte het ook sy voordele ... Daar is 'n paar ouens wat goed hiervan gebruik maak. Hulle hou nie eintlik van

verantwoordelikheid nie. Dis 'n groot ding vir jong mense soos hulle. Laat ek nou terugkom by die voordele van drink. Sien, dit werk so: die ouens hou van vry, maar hulle sien nie kans vir die verantwoordelikheid wat 'n langtermynverhouding op jou skouers sit nie, of hulle het nie op daardie oomblik 'n meisie nie. Enige ander meisie, veral 'n dronk een, sal dan ook doen. Die dronk meisie sal heel waarskynlik later nie veel daarvan kan onthou nie en daarom sal die ou nie daarna bekommerd hoef te wees oor hulle verantwoordelikhede na die tyd nie. Vir sommige van die meisies is dit ook 'n bonus, sien, hulle kry die voorreg om 'n hele paar ouens aan 'n lyntjie te hou, by almal kan hulle 'n lekker vrytjie score en bietjie uitgevat word. As een hulle drop, kan jy darem nie té seerkry nie, want daar bly nog 'n paar ander oor ... En so aan.

Dit is die pragtige beeld wat ons as Christene uitdra na buite. Miskien het ek so 'n bietjie oordryf en dalk het ek 'n bietjie veralgemeen, maar tog het en gebeur van hierdie dinge. Ek probeer nie vingerwys na enigiemand of oordeel nie. Maar na een van ons kuiers het ek begin nadink daaroor: Wat help dit ons om baie kennis te hê, maar ons leef dit nie uit nie en gebruik dit nie? Watter voorbeeld kry mense van buite van ons? Watter beeld van Christenskap dra ons na buite? Wat help dit ons om te sê ons is in die ware kerk, maar dis ook waar dit ophou? Ons kan kliphard stry by vereniging teen dinge soos gesange in die kerk of die vrou in die amp, maar ons kyk verby drink en vloek en rook en lieg, ensovoorts. En as dit jóu pla? Het jÝ al iets daaraan gedoen?

Ek probeer niemand persoonlik aanvat nie. Ek probeer nie vingerwys of oordeel nie. Ek is net bitter bekommerd en wil net hê dat ons nadink oor ons morele en Christelike waardes. Leef ons dit ten volle uit? Of is ons maar net in die kerk omdat ons ouers is, of omdat Sondagaand-koffiedrink en kuier so lékker is. Ons moet bid en stry daarteen. Die duiwel wil 'n vashouplek hê in God se huis! En watter makliker plek is daar as die jeug van die kerk?
Ons, ek en jy ...

Introspektiewe sleutelgatlesers,
Mag die weivelde nie groener aan die ander kant van die draad wees nie. Ons ou grasperkie raak miskien nou 'n bietjie droog van al die hitte, maar onthou, hy is altyd immergroen. Na twee leë sitplekke in ons midde het ons nader ondersoek gedoen en vasgestel dat die gras aan die ander kant nie groener is nie. Ons hoop dat broeder Antonides, EJ en suster Raimond, A dit ook besef en nie hulle moederstad verruil vir 'n ander nie. Ons sal julle twee mis en sterkte met julle planne, mag die Here dit seën. Mag julle terugkeer en moet nou nie té lank vat nie, hoor!

Dit beteken twee afskeidsparties. Die opkoms was hoog en verklap veel van die hegte band met die twee veterane. By Antie was daar baie plesier en geskater met die gesellige braaireuk wat alles deurtrek. 'n Nuwe gesig het op die oomblik haar verskyning gemaak. Ene Maggie uit die land van Melk en (Kaas en) Heuning, dus Nederland. Daar word nog getwyfel oor haar ware herkoms, haar naam klink nie oortuigend Kaas nie! Maar ek hoor sy het werk gekry by 'n Nederlandse maatskappy, so daar steek seker waarheid in haar verhaal! Ons hoop jy geniet jou tyd hier en werk lekker.

Ewart se afskeid was twee aande lank met 'n inleidende waterkaskenadesaand (pool-party) waar ons lafenis gevind het in die Antonidesse se swembad met Floris se toestemming. Die nie-so-dapper-mense wat hulle nie in die water wou begewe nie, is vriendelik ingehelp. Die tweede fase van Mot se afskeidsfees was die volgende aand toe die Proteas teen die Windies in 'n taai kitskrieket kragte gemeet het. Die stryd was van korte duur, want die Windies se kolforde het teleurstellend gefaal. Daar is

gerugte dat hulle ook nog 'n draai by die party wou kom maak en toe knip hulle maar die wedstryd kort. Sekere dinge is nou maar belangriker as krieket, was Graeme Smith se opmerking na afloop van die kragmeting. Dit som ook ons gevoel op. Respect.

Net soos indringerplante wat baie water gebruik, het ons ook 'n indringer gehad. Petra het soos 'n vis na die water gevat (want dis omtrent al wat ons doen: swem) en menige otters op hulle neuse laat kyk. Sy het ons vereer met besoek van so 'n week lank. Die Saterdag was ons Jonkershoek toe met alles wat mens nodig het vir die geleentheid. Behalwe vir die braairooster, eetgerei en speserye, wat blykbaar onnodig was. Gelukkig was dit nie nodig vir Chris om noodhulp toe te pas nadat die braaiers hulle vingers moes gebruik om die vleis om te draai nie. Dit te danke aan vuurvreter Frans Douma wat al genoeg so gebraai het en toe nie soos die res derdegraadse brandwonde opgedoen het nie! Moeder natuur was nie so ingenome met die jeug se manewales in die rivier nie. Duisende (let op, geen miljoene) jare se vorming deur die natuur is in eendag verwoes met die bou van damme en klippe rondgooi. Dit was lekker rustig en die natuur is altyd pragtig om te aanskou.

Die eerstejaars was die jaar verwelkom met ... julle sal dit nie raai nie: 'n braai! Ons tema vir die ontspanning dié jaar lyk vir my is Pret met Water en Rivier in plaas van pen en papier. Weereens is daar gebaljaar in die swembad, dié keer die van Adrian. Die hoogtepunt van die aand was 30 sekondes lank. Ek verwys natuurlik na die spel 30 Seconds. Was dit nou vir jou 'n kakofonie. Anja het uitgestaan en almal verbluf met haar ontsaglike algemene kennis! 'n Nuwe Geerts-patent het die lig gesien na die vierman-skaakspel wat die wêreld aan die praat gehad het. Kitstafeltennis. Dink aan 'n klomp hoenders wat sonder koppe rondhardloop om 'n tafel en jy kry 'n idee van die wonderlike spel. Robert het tuisveldvoordeel gehad en uitmuntend gespeel. Olga het verbete gepoog om hom te onttroon, maar tevergeefs. Ons het lekker gekuier saam met ons nuwelinge. Mag julle 'n opwindende jaar saam met ons hê!

Verder was dit maar stil, Hester en Adriaan het verjaar en afleiding verskaf. Andreas het weer soos 'n dief in die nag sy verskyning gemaak en ons was weer bly om hom te sien. Ons het hom nou al benoem tot ambassadeur van die Kaap. Hy kom gereeld en kan net nie genoeg kry nie! Dis kwaailappies, jy's altyd welkom. En laastens was daar die gemeentepiekniek.Die son het gebrand maar stellig het die jeug 'n plan gemaak en sambrele en slaapsakke opgerig. Die kos is in 'n japtrap verorber en omdat die dames moet oppas met sulke goed, het hulle maar hulself opgeoffer en amper niks geëet nie.

Intussentyd het die Jeugvereniging al begin en ons behandel Openbaring en Efesiërs. Mag ons die jaar baie leer van God en van mekaar. Ek's persoonlik opgewonde oor Openbaring omdat dit meestal eenkant bly lê. Nou ja, dit was die maand in 'n neutedop.

Soos Riaan Cruywagen sal sê: Tot 'n volgende keer!

---

# Voetspore

Goeiedag broeders en susters,
Aangesien die ware lewe weer begin het, het die jeug van die Maranata-kerk besluit om die arme skape van ons jeug te vermaak met 'n pannekoek-eet festyn by hulle kerk. En aangesien meeste mense op pannekoek-eet festyne pannekoeke eet, was dit ook hierdie keer die geval. Maar later die aand het ons broeder Gerrit Kamphuis besef dat 'n pannekoek nie sonder 'n McRoomys gepaard kan gaan nie. Aangesien daar ten minste 25 aanwesiges was, sou die McRoomys (wat vir almal aanwesig verskaf sou word) 'n probleem vir enige aardling gewees het, maar nie vir Gerrit nie! O nee, met blitsvinnige reaksies en 'n helder praktiese denkwyse, het ons kerk-,

stad- en landgenoot alle moeilike probleme wat kon kop uitsteek, uitoorlê! Hy het met slegs 'n boks en 'n knipmes - waarmee hy doelgerig 25 gate in die boks gesny het - alle werknemers, plus die CEO van McDonald's verstom deur sy ietwat vreemde aanvraag (stel u voor: u werk by McDonald's [vreemde verskynsel 1] en 'n jong man in 'n wit bakkie [nee, mense, dis nie 'n vreemde verskynsel nie] kom en vra vir 25 McRoomyse [vreemde verskynsel 2]), wat hy effektief opgelos het. Belangstellendes vir hulp by Innovasie 112 kan Gerrit enige tyd na werksure kontak.

Erens voor of na hierdie belangrike dag in die lewe van sowel Gerrit, die jeug en McDonald's, het 'n klomp jeug gaan krieket kyk by Supersport Park. Suid-Afrika het naamlik gespeel teen die Wes-Indiese Eilande. Hier het 'n paar jeuglede instant celebrities geword deur op die nasionale televisie te verskyn. Suid-Afrika se toerismevereniging is nou oortuig daarvan dat die rand-/dollarwaarde nou tot ons voordeel gaan verbeter vanweë die ekstra celebrities in ons land sedert die wedstryd. Blykbaar word daar wêreldwyd nou behalwe van Benoni se Plaasmeisie (Charlize Theron) ook gepraat van Waverley se Pienk Toppie Chick (Marie-Louise) en die Bellville Bomb (Chrisjan - hy was ook aanwesig én op die TV).

In die tussentyd het Schalk ook so een of twee parties gegooi. Vir die mense wat nie bewus is van Schalk-parties nie - dit hou min of meer in dat daar BAIE te ete, 'n jacuzzi, 'n pooltafel en ook 'n pooltafel sonder die tafel is: 'n pool, dus. Die gevolg hiervan is 'n genotvolle aandjie. Daar kom ook altyd 'n klomp wrywing daarmee saam, byvoorbeeld oor die musiek. Die boeremusiekbende speel die heeltyd "Oe, ek wil huistoe gaan" of nog erger: frases soos "gooi 'n klippie in die oseaan", terwyl Gideon (wat al klaar traumatiese ervarings opgedoen het met musiek: toe dit uit sy kar gesteel is) graag Dire Straits wou luister. Gevolg is dat daar 'n Battle of DJ's is, met die finale uitslag dat almal wat buite gesit het, Gideon-musiek geluister het en die binnesitters het hulleself vermaak met Kurt Darren, Laurika Rauch en Jan de Wet se loflaaities.

Hier stop die verhaal op 'n ware cliff hanger, want ek is amper seker niemand kan wag tot die volgende uitgawe om weer te kan lees oor die jeug se manewales nie.

Groete

**Die eerstejaars van die jeug van die Pretoria Gemeente**

Sodat die eerstejaars (dis nou die graad 11's), behalwe om direk by die diepkant in gegooi te word, beter geken kan word, is daar besluit om 'n kennisopname te doen met die lede van hierdie eerstejaarsgroep. Vrae is uit uiteenlopende kategorieë gevra. Om u nie te verveel nie, maar ook omdat die lewe baie gejaagd is (sien Bijker se *Gejaagdheid en doel van ons lewe*, p4 2003 Olielamp 1) en u waarskynlik nie tyd het om hierdie te lees nie, word die hoogtepunte aangehaal.

Die eerstejaars bestaan uit die volgende persone: Celeste Bron, Bettie van der Walt, Willem Hofsink, Albert Bijker, Lois Boon, Roelof Middeljans, Ingrid Bosker en Renier van der Poel.

**Wat is jou gunsteling tandepasta?**

Celeste : "Aquafresh"
Renier : "Colgate"
Albert : "Colgate Herbal"

Die regte antwoord MOET wees Colgate Herbal, want as dit vir Meneer Bewer gewerk het, hoekom dan nie vir die eerstejaar-jeuglede nie?

**Wie is die kaptein van die Wes Indiese krieketspan?**

Bettie : "Bill Clinton"
Albert : "Ronnie Shwashwa"
Ingrid : "Maar netnou is hy nie van West Indies nie, wat dan???"

Die regte antwoord is Brian Lara, maar net Willem, Roelof en Renier het dit geweet.

**Wie is Colin Powell?**

Celeste : "Hoe moet ek weet?"
Bettie : "Suid Koreaanse president"
Willem : "Wes Indiese krieketspeler" (Nee, Willem, jy dink aan Ricardo Powell)
Renier : "Krieketspeler" (Sien bogenoemde kommentaar, en vervang "Willem" met "Renier")
Lois : "Nee, ek kyk nie krieket nie!"

Die regte antwoord is dat hy die US Secretary of State is.

**Waar is Pofadder geleë?**

Celeste : "Baie ver"
Bettie : "Bo in die Kaap, skuins van Namibië"
Albert : "Daar by Andreas se plekkie"
Ingrid : "Pofadder? Pofadder? Is dit 'n plek?....Sê maar Centurion"

Die regte antwoord was in die Noord Kaap, en ja, dis naby Andreas se plekkie en skuins van Namibië, wat dit ook al mag beteken.

**Wat is Eminem se regte naam?**

Bettie : "Ek het dit al gehoor... Sê maar 'Eric'"

Die regte antwoord is Marshall Mathers, en gelukkig het niemand dit regtig geweet nie, behalwe Roelof.

**Wie was Moses se pa?**

Albert : "Al wat ek weet is dat die farao hom aangeneem het"
Roelof : "Stefan Labuschagne"
Ingrid : "Josef"
Lois : "Moses? Moses? Moses? Uhm...: Aram" (naby genoeg)

Die regte antwoord was Amram, en niemand het dit perfek geweet nie, alhoewel Lois se antwoord as korrek aangeteken sal word.

Opsommend kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

a) 100 % van die ondervraagdes weet wat hulle gunsteling tandepasta is. 50% van die ondervraagdes verkies Colgate, die ander 50% verkies Aquafresh.
b) 38 % van die ondervraagdes ken hulle sport redelik goed, en het geweet wie die kaptein van die Wes Indiese krieketspan is.
c) Geen enkele ondervraagde ken Amerikaanse/wêreldpolitiek juis goed nie. 50% het Colin Powell aangesien vir 'n sportster. 75% hiervan het hom waarskynlik verwar met Ricardo Powell, 'n krieketspeler.
d) 50% van die ondervraagdes kon Pofadder provinsiegewys uitwys. Die res slegs vaag weg, of glad nie.
e) Slegs 13% het geweet wat Eminem se regte naam is. Meeste ondervraagdes het geen idee gehad nie, maar 26% het 'n ander geldige bynaam gegee.
f) Slegs 13% het geweet wie Moses se pa was. Alle ondervraagdes het wel geweet wie Moses self was.

Hoop hierdie gee u 'n nadere insig tot ons eerstejaars. Die vrae is mondelings gevra en daar is nie juis dink- of navorsingstyd gegee nie. Slegs Roelof Middeljans het illegaal van eksterne inligting gebruik gemaak. Hierdie inligting was oor die algemeen nie van veel nut nie, dus word hy vergewe.

# VERJAARSDAE

BETHAL:

| | |
|---|---|
| Melinda Deysel | 23 Feb |
| Albert Coetzee | 16 Mrt |

KAAPSTAD:

| | |
|---|---|
| Hester Douma | 04 Feb |
| Adrian | 08 Feb |
| Carien Antonides | 28 Feb |
| Corrien Geleijnse | 01 Mrt |
| Sjirk Geerts | 05 Mrt |
| Maarten Raimond | 21 Mrt |

MARANATA :

| | |
|---|---|
| Pieter vd Dolder | 01 Feb |
| Tanya Kampman | 13 Feb |
| Veronica Bouwmeester | 20 Feb |
| Bertha de Jager | 03 Mrt |
| Gerda Aartsma | 24 Mrt |
| Erik Visser | 30 Mrt |

PRETORIA :

| | |
|---|---|
| Nicoline Bijker | 03 Feb |
| Wouter Ros | 09 Feb |
| Chris Stolper | 10 Feb |
| Eric Danielz | 20 Feb |
| Annette vd Poel | 21 Feb |
| Marita Ros | 24 Feb |
| Jako Lubbinge | 27 Feb |
| Ineke Roose | 02 Mrt |
| Jan Lubbinge | 13 Mrt |
| Annelieke Visser | 21 Mrt |
| Natasha Danielz | 25 Mrt |
| Pieter Bron | 25 Mrt |
| Albert vd Poel | 26 Mrt |
| Frank Douma | 30 Mrt |

JOHANNESBURG :

| | |
|---|---|
| Peter Hamming | 12 Mrt |
| Wolter Bijker | 20 Mrt |
| Johan van Lith | 22 Mrt |
| Pauline Seijdlitz | 27 Mrt |

## NOG IETS

What kind of church would my church be if all its members were just like me?

It's better to walk with God by faith than to go alone by sight.

It's foolish to say 'tomorrow' if God says 'today'.

"One life
It'll soon be past
Only what's done for
Christ ... will last."

## Gedigte

The good
Green earth
Beneath our feet,
The air we breathe,
The food we eat,
Some work to do,
A goal to win,
A hidden longing
Deep within,
That spurs us on
To bigger things
And helps us meet
What each day brings,
All these things
And many more
Are things we should
Be thankful for ...
And most of all,
Our thankful prayers
Should rise to God
Because He cares!

- Anomynous

**Sperdatum vir die volgende uitgawe:**
21 Maart